UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# e-Matieland

WINTER 2015 • #1

## VANUIT DIE ALUMNI-KANTOOR

Welkom by jou nuwe kwartaallikse digitale nuusbrief van die Universiteit Stellenbosch (US).

Met nuwe leierskap, asook fondswerwings- en alumniverhoudingspanne in ons Ontwikkelingskantoor, het ons die geleentheid gebruik om te herbesin oor die manier waarop ons die Stellenbosch-ervaring en ons wêreldwye impak met julle deel. Ons het dus 'n evolusie begin in hoe ons met alumni en ander belanghebbendes kommunikeer.

Behalwe hierdie digitale nuusbrief, verskyn daar 'n gedrukte jaarlikse *Matieland*-tydskrif in Oktober wat ook aanlyn beskikbaar sal wees. Die opsie om te kies in watter formaat jy *Matieland* wil ontvang, is beskikbaar wanneer jy jou kontakbesonderhede opdateer deur eenvoudig hier te klik.

*Matieland* sou egter nie volledig wees sonder stories oor jou lewe en loopbaan nie. Ons hou van julle staaltjies en dit help ook om daardie gevoel van gemeenskap te versterk. So deel gerus jou nuus met *Matieland* of op ons sosiale media platforms.

Kom ons bly in kontak!



Foto: JUSTIN ALBERTS

## Universiteit van Liege vereer US alumnus



'n Alumnus van die Universiteit Stellenbosch, prof Markus Reuter, het op 28 Maart 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Liege in België ontvang. Die Universiteit het amptelik 'n eredoktorsgraad *honoris causa* aan Reuter verleen vir sy uitstaande prestasies op die gebied van minerale verwerking en herwinning.

Hy het 'n D.Ing-graad sowel as 'n PhD aan die US verwerf, asook 'n Dr. habil-graad van RWTH Aken Universiteit in Duitsland.

Reuter is tans Direkteur van Tegnologie Bestuur by Outotec in Finland. Hy is ook ereprofessor aan Aalto Universiteit, professorale genoot by Melbourne Universiteit en gasprofessor by die Sentraal-Suid Universiteit van China. Hy het al meer as 400 referate geskryf en is die hoofskrywer van die verslag oor herwinning vir die United Nations Environmental Protection (UNEP): Metal Recycling: Opportunities, Limits, Infrastructure. Hy is ook outeur van die boek *Metrics of Material and Metal Ecology* en mede-outeur van die *Handbook of Recycling* albei uitgegee deur Elsevier.

## US onder wêreld se elite instellings

Die Universiteit Stellenbosch tel nou onder die wêreld se elite instellings in 10 van die 36 vakke soos wat dit in die QS World University Rankings by Subject vir 2015 verskyn. Die jongste QS-ranglys, met ses nuwe vakke wat vanjaar bygevoeg is, is op 29 April bekendgemaak.

Die QS World University Rankings by Subject word jaarliks saamgestel en het ten doel om 'n nuttige hulpbron te wees vir voornemende studente wêreldwyd wat op soek is na die mees gesogte en invloedryke instellings in hul gekose onderwerp van studie.

Instellings word gemeet aan akademiese reputasie, werkgewer reputasie en navorsingsimpak. Onder die sewe Suid-Afrikaanse instellings (UK, Wits, UP, UKZN, Rhodes en UJ) wat aan die jongste QS ranglys deelgeneem het, figureer die US konsekwent in die top vyf – met 'n eerste posisie in Landbou en Bosbou; tweede in Biologiese Wetenskappe, Chemie en Wiskunde; derde in Medies, Omgewingswetenskappe, Ontwikkelingstudies en Geografie; en vierde in Engelse Taal en Letterkunde, en Regte.

# NUUSFLITSE

## 90 jaar oud

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het op 18 April sy 90ste bestaansjaar met 'n swierige dinee by die Katedraalkelder in die Paarl gevier.

Die stigting van die Fakulteit in 1925 was 'n dapper stap deur die US-senaat in 'n era toe handelsfakulteite pas hul verskyning op die universiteitslandskap gemaak het, het prof Stan du Plessis, Dekaan van die Fakulteit, gesê. Baie geslagte ekonome en statistici, bedryfsielkundiges en rekenmeesters, asook leiers in die openbare sektor en die sakewêreld het hul grade hier verwerf. Die Fakulteit beplan om later vanjaar 'n projek van stapel te stuur as teenvoeter vir die finansiële uitdagings wat topstudente uit voorheen benadeelde gemeenskappe in die gesig staar.

### EBW in getalle

**4 430**
die huidige aantal voorgraadse studente

**3 130**
die huidige aantal nagraadse studente

## Gebeure

25 – 26 Julie
Harmonie reünie:
110 jaar oud.
Kontak Cecilia Anderson:
072 459 440

1-12 Julie
Metanoia
10 jaar reünie
Kontak
Allistair Border:
083 441 8299

11 Junie
USB Opedag
09:00 – 19:00
Kontak:
021 918 4246
of besoek
www.usb.ac.za



# AgriWetenskappe se oudste alumnus word 100

Die Fakulteit AgriWetenskappe se oudste alumnus, dr Danie Joubert, het sy 100ste verjaardag op 9 April gevier.

In 2013 het Joubert nog op 98-jarige leeftyd 'n alumnifunksie van die Fakulteit AgriWetenskappe bygewoon, en was loshande die oudste persoon teenwoordig by die geleentheid.

Joubert was 'n jarelange dosent en hoof van die Afdeling Wingerdbou- en Wynkunde op Elsenburg, waar hy die bekende kursus in keldertegnologie begin het.

In 2010 is hy deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Wynskouvereniging aangewys as een van die wynlegendes van die afgelope 300 jaar. Hy is vereer as 'n man met 'n passie vir studente, 'n geliefde lektor en 'n besonderse rolmodel.

Hy geniet nog goeie gesondheid en hou nog steeds daarvan om elke Saterdag tyd in sy tuin deur te bring.

## US Woordfees 'n groot sukses

Die US Woordfees het op 20 April by die WoordTROFees-seremonie sy beste kunstenaars vir uitmuntende en kreatiewe vertonings beloon. Die fees het vanjaar sy sestiende jaar beleef, met die tema "16 Onse".

Saartjie Botha, wat haar eerste jaar as feesdirekteur gehad het, het gesê vanjaar se fees, wat van 6 tot 15 Maart op Stellenbosch aangebied is, het 'n 34% groei in kaartjieverkope op dié van die vorige jaar getoon.

Christiaan Olwagen, 'n US-alumnus, het twee pryse gewen: vir beste regisseur vir sy toneelstuk *Dogma*, *Die Seemeeu* en *Son.Maan.Sterre*; en beste feesproduksie.



Teken solank 4 tot 13 Maart 2016 in jou dagboek aan vir volgende jaar se fees.

# NUUSFLITSE

## USB se MPhil in Bestuursafrigting as beste meestersgraad in Afrika aangewys

Die USB se MPhil in Bestuursafrigting is as die beste meestersgraad in Menslike Hulpbronbestuur in Afrika deur Eduniversal aangewys.

Dr Salomé van Coller-Peter, Hoof: MPhil in Bestuursafrigting, sê: "Sedert die begin van hierdie program het ons besluit om dit 'n baie Afrika-geur te gee; om diversiteit en storievertelling in te bring. Ons kry baie studente vanuit Afrika, maar ook vanuit Europa. Ons program is goed ontwerp om professionele afrigters te produseer."

Sy voeg by: "Ek is met 'n kerngroep besig sedert die aanvang van die program en ek glo ook dat jy jouself met mense omring wat meer as jy oor sekere vakke weet."

## SciMathUS bied tweede kans op sukses



Soms is 'n helpende hand al wat jy nodig het op jou pad na sukses. En net omdat jy nie met jou eerste probeerslag suksesvol was nie, beteken nie jy is 'n mislukking nie. Vra maar vir Matlakala Claudia Ntsapi, 'n voormalige SciMathUS-student. Sy was onder die meer as 2 700 Maties wat hul welverdiende grade en diplomas tydens die Maart 2015-gradeplegtighede ontvang het.

Ntsapi, wat haar MSc-graad in Wetenskap ontvang het, tel ook onder 17 SciMathUS (Science and Mathematics at Stellenbosch University) alumni wat vanjaar aan die US gegradueer het.

Die jaar-lange SciMathUS-oorbruggingsprogram help studente uit benadeelde gemeenskappe om toegang tot hoëronderwys te verkry. Ntsapi, is tans besig met haar PhD, en sê SciMathUS het tot haar huidige sukses bygedra.

# ‘Vorentoe, Stellenbosch. Siyaya!’

Die Universiteit Stellenbosch (US) benader sy volgende eeu in diepe verbintenis tot ons gemeenskap en ons land, asook die waardes van ons Grondwet, sê die nuwe Rektor en Visekanselier, prof Wim de Viliers. De Villiers is op 29 April ingehuldig ná sy aanstelling in Desember 2014.

Prof Wim De Villiers het in sy inhuldigingsrede die US se verbintenis tot transformasie, inklusiwiteit en diversiteit, veral wat betref die regstelling van die foute van die verlede en die skep van ’n beter toekoms, benadruk.

“Ons wil ’n Universiteit skep wat vir ons almal werk – ’n nasionale bate, trouens ’n kontinentale en globale bate, om die wêreld ’n beter plek te maak deur oplossings vir ontwikkelingsuitdagings en samelewingsprobleme te vind,” het De Villiers gesê.



“Die hooftema van my termyn as Rektor en Visekanselier sal wees: Vorentoe, Stellenbosch. Forward! Siyaya!”

Met verwysing na die taalkwessie, het De Villiers gesê die US is ’n wêreldklas meertalige universiteit wat hard werk om te verseker taal “is nie ’n hindernis tot toegang nie, maar ’n hulpmiddel vir sukses.

“Stellenbosch is nie ’n Afrikaanse universiteit nie; dit is nie ’n Engelse universiteit nie; dit is nie ’n Xhosa universiteit nie; Stellenbosch is ’n meertalige Suid-Afrikaanse universiteit – een van min in hierdie kategorie, wat bitter nodig is in ’n land met 11 amptelike tale.”

De Villiers het gesê die US is goed geposisioneer, maar daar is ruimte vir verbetering in die strewe na plaaslike relevansie en globale mededingendheid.

Hy het die noodsaaklikheid van ’n oop gesprek oor waar die US tans is en waarheen dit op pad is, beklemtoon. “Die US moenie net ’n nasionale juweel wees nie, maar ook ’n nasionale bate. Alles is in plek vir die US om ’n groot bydrae te lewer.”

Volgens De Villiers het die US die potensiaal om gesiene internasionale geleerdes, wetenskaplikes, navorsers en studente te lok. “Die internasionale geur en diversiteit kan verrykend wees. Dis ’n belangrike transformatiewe element.”

Hy hoop mense sal eendag terugkyk na sy tyd as Rektor van die US en sê die Universiteit was ’n plek waar mense sentraal gestel is, nie net studente nie, maar alle rolspelers.

## Wie is Wim de Villiers?

De Villiers (55) is die 12de Rektor en Visekanselier van die US. Hy is ’n Matie-alumnus en mediese dokter wat ook in Engeland en Amerika gestudeer en gewerk het. Hy is in Stellenbosch gebore, die jongste kind van wyle prof AB de Villiers, wat later Dekaan van Regsgeleerdheid aan die US sou word, en mev Gera de Villiers (née Klomp) van Kroonstad. Hy slaag sy MB,ChB aan die US met lof en ontvang die Francie van Zijl- en Kanseliersmedaljes vir akademiese prestasie. In 1990 verwerf hy ook sy MMed-graad in Interne Geneeskunde aan die US met lof. In 1995 verwerf hy ’n DPhil in Immunologie aan die Universiteit van Oxford in Engeland. Hy gaan Amerika toe om nog ervaring op te doen – by die Universiteit van Kentucky Mediese Sentrum in Lexington. Later verwerf hy ook ’n meestersgraad in gesondheidsorgbestuur van Harvard.

De Villiers keer terug na Suid-Afrika as Dekaan van Gesondheidswetenskappe aan die UK in Julie 2013.

Hy is met Catherine getroud, en hulle het twee dogters, Katusha en Gera; ’n seun en skoondogter, Braam en Kelly; asook twee kleinkinders, Eloise en Beatrice.

Klik om Prof Wim se boodskap aan alumni te kyk.



Prof Wim de Villiers lewer sy inhuldigingsrede. (Foto: Hennie Rudman, SSFD)



Die De Villiers-gesin loop saam in Victoriastraat na afloop van die inhuldigingsgeleentheid. (Foto: SSFD)

# Prof De Villiers oor:

## Taalbeleid

Prof Wim de Villiers beklemtoon die US se verbondenheid tot veeltaligheid en wys drie elemente uit wat bestuur en geëvalueer moet word: bekostigbaarheid, deurvoering en verslagdoening.

## Ranglyste

"Dit het gekom om te bly. Of ons nou daarvan hou of nie, ranglyste is 'akademiese valuta', en ek glo die US kan nog beter vaar. Al die elemente is in plek dat ons die ranglyste kan uitklim."

## gunstelinge:

- Sjokolade: *Aero*
- Leesstof: *Nordiese noir (boeke deur Jo Nesbo, Stieg Larsson, ens.)*
- Wegkomplek: *Hermanus*
- Ontspanning (buiten lees): *draf of fietsry*
- Rolprent: *The Big Lebowski, Fargo of enige werk van die Coen-broers*

## Transformasie

De Villiers is oortuig dat die US nie dieselfde kan bly nie. Dit moet, soos enige ander organisme, transformeer en aanpas om te kan oorleef. "Ons het waardering vir die verlede, maar ons kan nie daaraan verknog wees nie. Tradisies moet óns tot diens wees; ons moenie in diens van tradisie staan nie. En ons moet nuwe tradisies bedink en opbou."

## Studente

Studente, glo hy, is die middelpunt van alles wat die US doen. De Villiers parafraseer 'n aanhaling wat in die Mayo-kliniek in die VSA hang met dié woorde: "Studente se belange en studentesukses is al wat vir ons van belang is. Elke student wat misluk, is 'n mislukking vir die stelsel ook."

## Studenteaktivisme

De Villiers keur studenteaktivisme goed en wil gesprek aanmoedig, maar voel sterk dat alle optrede van respek en verdraagsaamheid moet getuig.

# Universiteit skep beurs vir nasate van inwoners van Die Vlakte



Wyle Prof Russel Botman, voormalige Rektor en Visekanselier van die US, saam met mnr John Abels en mev Sybil Kannemeyer, inwoners van Idasvallei, tydens die opening van die Herinneringskamer in 2013. (Fotograaf: Anton Jordaan, SSFD)

## Het jy geweet?

- Vir dekades was die verskuiwings van Die Vlakte af en die Slag van Andringastraat nie deel van die amptelike geskiedenis van Stellenbosch nie. Dit is eers op rekord geplaas met die publikasie van *In ons Bloed* (2006) en *Nog altyd hier gewees: Die storie van 'n Stellenbosse gemeenskap* (2007) – publikasies oor die geskiedenis van die gebied en wat deur die Universiteit gesteun is.
- Die Universiteit het in 2013 die Herinneringskamer in die Wilcocks-gebou geopen as 'n gebaar van versoening tussen die US en die dorp se bruin gemeenskap. Die Kamer van Herinnering is 'n eietydse uitstalruimte waar die versweë geskiedenis van die mense van Die Vlakte vertel word.
- Die gedwonge verskuiwings het ook daartoe gelei dat die Lückhoff Skool in Banhoekweg aan die Universiteit gegee is. Die skoolgebou is intussen simbolies aan die gemeenskap opgedra en huisves verskeie gemeenskapsorganisasies asook die US se Afdeling vir Gemeenskapsinteraksie. In 2008 en 2009 is 'n permanente foto-uitstalling in die gebou aangebring om erkenning te gee aan oudleerlinge van die skool wat prominente persone in die Suid-Afrikaanse samelewing geword het.

N Beursfonds vir nasate van mense wat in die 1960's gedwing is om te skuif uit Die Vlakte, 'n gebied naby aan die dorpskern van Stellenbosch, is in April 2015 in die lewe geroep. Prof Wim de Villiers, Rektor van die Universiteit Stellenbosch, het die beursfonds op 29 April in sy intreerede aangekondig en die Universiteit se bestuurspan het die beurs daarna bekragtig.

"Die beursfonds is 'n direkte respons op versoeke van studente dat só 'n beursfonds geskep word. Dit is ook 'n verdere teken van die herstel waartoe die Universiteit hom reeds aan die begin van die eeu verbind het," het De Villiers gesê.

"Verlede jaar het die Universiteit R588 miljoen in beurse en lenings aan 37% van ons studente uitbetaal. Hiervan het 55% aan swart, bruin en Indiër-studente gegaan, gebaseer op meriete en finansiële behoeftigheid."

Amper R350 000 vir die skep van die beursfonds is reeds van onder meer fakulteite van die Universiteit vir die beurs geoormerk.

Die kriteria vir die beursfonds word tans gefinaliseer, maar beurse sal beskikbaar wees vir voorgraadse studente vir die normale duur van 'n graadprogram tot 'n maksimum van vier jaar in gevalle waar die normale duur van die program langer as vier jaar strek. Aansoekers wat nie meer in die Stellenbosch-omgewing woon nie, maar wat bewys kan lewer hoe hul ouers of grootouers geraak is, sal oorweeg word. Gemeenskapsleiers sal gevra word om deel te vorm van 'n paneel wat die aansoeke moet oorweeg.

Die beursfonds skep, benewens die bestaande werwingsbeursfonds wat aan bruin, swart en Indiërstudente gebied word, nuwe geleenthede vir verdere studie aan die US vir sy plaaslike inwoners.

Die publiek kan ook tot die fonds bydra. Skakel Lorenza George by +27 21 808 3090 of per e-pos by lcg29@sun.ac.za.

# Innovasie ontsluit 'n voorspoedige toekoms vir US

Prof Eugene Cloete

Die 21ste eeu is byna twee dekades oud, en krisisse soos gewapende konflik, voedselonsekerheid, klimaatsverandering, siektes, terrorisme, werkloosheid en groeiende armoede en ongelykheid duur wêreldwyd onverpoosd voort.

Hoewel hierdie en ander uitdagings oorweldigend – selfs onoorkomelik – mag lyk, durf ons nie moed verloor en tou opgooi nie. Ons moet juis nou die soektog na werklike en durende oplossings vir 'n magdom probleme verskerp as ons 'n beter toekoms wil skep.

Een manier om dit te bereik, is deur innovasie – dit wil sê, deur anders te dink en dinge anders te doen. 'n Mens sou kon redeneer dat die mensdom se oorlewing van innovasie en skeppende denke afhang, aangesien hierdie prosesse iets nuuts oplewer en ons by 'n meer vredevolle en voorspoedige toekoms laat aansluit.

Om die uitdagings waarvoor ons te staan gekom het, te oorkom, gaan meer verg as om bloot nuwe produkte te vervaardig of te benut. Hoewel tegnologiese innovasie noodsaaklik is, kan dit nie alle samelewingsprobleme oplos nie. Ons behoort ons fokus ook op maatskaplike innovasie te rig.

Ons moet kyk hoe vorme van maatskaplike innovasie soos karnavalle en feeste kan help om, byvoorbeeld, stygende werkloosheid en armoede en die verspreiding van siektes te oorkom – veral in ontwikkelende lande, wat dikwels die hulpbronne kortkom wat nodig is om sulke kwessies te takel.


In haar boek *Innovation Design: Creating Value for People, Organizations, and Society*, wat in 2011 verskyn het, stel Elke den Ouden 'n soortgelyke punt. Sy beklemtoon die behoefte aan sosiale innovasie en redeneer dat, om die hedendaagse samelewingsuitdagings te takel, 'n meer indringende vlak van innovasie verg as om bloot produkte te ontwikkel.

Volgens Den Ouden lewer sosiale innovasies nuwe idees op wat mense se lewensgehalte kan verhoog. Sosiale innovasie is belangrik, want dit verbeter mense se vermoë om saam te werk in die soektog na volhoubare oplossings vir samelewingsprobleme.

Ongelukkig duur talle samelewingsprobleme voort omdat ons nie buite ons bestaande probleemoplossingsparadigmas soek nie. Ons skeppende vermoëns kom eers in rat wanneer ons ons in wanhopige situasies bevind.

Ons het 'n gebrek aan skeppende denke en aan die vermoë om vrae te stel oor die manier waarop ons die benutting, grootte en vorm van bestaande tegnologieë kan verbeter om party van die probleme wat ons in die gesig staar op te los.

Wanneer ons dieper begin dink en ook ons gedrag verander, is ons meer geneig om oplossings te vind wat ons nooit gedog het bestaan nie.



# Innovasie ontsluit 'n voorspoedige toekoms vir US (vervolg)



Die onlangse vierings van Wêrelddag vir Kreatiwiteit en Innovasie (21 April) het mense op alle samelewingsvlakke aangemoedig om intellektueel dieper te dink met die oog daarop om nuwe idees te genereer wat kan help om die wêreld 'n beter plek te maak en om 'n blinker toekoms te skep.

Aangesien skeppende denke dikwels die beginpunt van innovasie is, sou universiteite daarby baat om te let op die boodskap wat op Wêrelddag vir Kreatiwiteit en Innovasie uitgedra is.

Universiteite is plekke van kennisproduksie en innovasie, en vervul gevolglik 'n sleutelrol in die oplossing van samelewingsprobleme.

In 'n onlangse toespraak by die Kaapstadse Kamer van Koophandel het die nuwe Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, prof Wim de Villiers, ook hierna verwys toe hy gesê het dat die samelewing van universiteite verwag om sodanige rol te vervul.

Hy het bygevoeg dat die universiteitsomgewing 'n uitstekende teelaarde vir innovasie bied omdat dit kritiese vrae aan die orde stel.

In hierdie verband vervul die US sy rol. Deur middel van Innovus – die maatskappy wat die US se interaksie met die bedryf medieer en innovasie binne sowel as buite die Universiteit bevorder – het ons 59 patentsamewerkingsverdrae tussen 2009 en 2014 geregistreer. Dis die meeste in die land, selfs meer as die WNNR (Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad).

Ons LaunchLab, die episentrum van entrepreneurskap aan die Universiteit, funksioneer as 'n sakeversneller wat entrepreneurskap op kampus aanhelp deur netwerkgeleenthede, mentorskap en bekostigbare huurtariewe te bied aan beginnermaatskappye van studente sowel as personeellede, asook aan buitepartye.

Die werk wat by Innovus en die Launchlab verrig word, toon duidelik dat die US daartoe verbind is om meer produkte te ontwikkel en om tegnologieoordrag en die kommersialisering van intellektuele eiendom te bewerkstellig, en sodoende die instelling se impak op die samelewing te verhoog.

Die middelpunt van al hierdie ondernemings is die feit dat die Universiteit in voortdurend veranderende kontekste sosiaal tersaaklik wil bly en daarop wil fokus om navorsingsinnovasie uit te brei en nuwe kennis te ontsluit met die uitdruklike doelwit om nuwe produkte en dienste te ontwikkel waarby die samelewing sal baat.

Dit is belyn met die US se visie om 'n toekomsgerigte, innoverende en inklusiewe instelling te wees waar die kollektiewe skeppende denke van mense uit diverse agtergronde en kulture ingespan kan word om die wêreld 'n beter leefplek te maak. Hoewel die probleme wat ons vandag in die gesig staar vir seker ernstig is, lê oplossings dalk net om die draai. Dit mag wees dat die bepalende faktor geleë is in die skep en bevordering van 'n kultuur van innovasie.

**Prof Eugene Cloete is die Viserektor: Navorsing en Innovasie aan die Universiteit Stellenbosch.*



# Maak werklik 'n verskil

Ontmoet Karen Bruns, 'n opgeleide regsgeleerde met 'n meestersgraad in internasionale handelsreg en gesamentlike ondernemings, asook 'n voormalige bemarkingsdirekteur, hoof uitvoerende beampte van 'n multimedia-publikasiemaatskappy en kommunikasiekonsultant – en dis maar enkele van haar rolle. Deesdae is sy die Senior Direkteur: Ontwikkeling aan die Universiteit Stellenbosch (US). Bruns het in Februarie 2015 in haar nuwe pos begin.

**Hoe gaan jy jou ervaring op jou nuwe verpligtings toepas?**
Al my vorige rolle was binne die akademie, en my spesialisasieveld was navorsingsontwikkeling, navorsingsverspreiding en akademiese publikasies. Om by die Universiteit aan te sluit voel dus baie soos 'n tuiskoms. Die rol wat ek vervul het net voordat ek hier aangestel is, is die een wat my die beste op die uitdagings van my nuwe pos voorberei het: Ek moes geslaagde derdestroominkomste aan universiteite in Afrika deur middel van hulpbronne, instrumente en netwerke opbou en bevorder.

**Is daar enige projekte waarop jy in die besonder wil fokus?**
Daar is 'n paar dinge waarop ek graag wil fokus. Ek wil graag hê dat die Ontwikkelingskantoor elke geleentheid moet raaksien waar meer korporatiewe instansies, stigtings en individue 'n verskil in ons studente se lewe kan maak in die vorm van beurse, genootskappe en toekennings. Ek wil graag die manier waarop ons met bestaande skenkers skakel, verbeter. Rentmeesterskap behels meer as deeglike monitering van die manier waarop 'n persoon se skenking belê of aangewend word. 'n Skenking is 'n belegging in ons Universiteit, daarom is ons verantwoordbaar teenoor skenkers vir die "opbrengs uit hul belegging".

**Skets vir ons jou akademiese paadjie.**
Ek het voorgraads aan die UK gestudeer, my LLB by Rhodes en my LLM aan die Universiteit van Edinburgh verwerf.

**Hoe sien jy die Ontwikkelingskantoor se rol in die Universiteit se eeufeesviering, wat voor die deur lê?**
Die eeufees verteenwoordig 'n groot mylpaal in die Universiteit se bestaan, en sulke soort vierings bied ons ruim geleentheid vir gekoördineerde en gerigte veldtogte. My eerste gedagtes draai om die volgende geslag en hoe ons duisende jongmense kan in staat stel om hoëronderwys aan die US as deel van hulle toekomsplanne te oorweeg. Vir my, wat nou eers by die Ontwikkelingskantoor aansluit, is dit duidelik dat die HOOP Projek 'n ambisieuse veldtog was wat op fondswerwing wou fokus en dit wou versterk ten bate van onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie aan die Universiteit. In die lig van die lesse wat ons tot dusver geleer het, verteenwoordig die eeufees 'n geleentheid om 'n omvattende veldtog saam te stel wat in 2018 'n hoogtepunt sal bereik. Ons hoop om hierdie proses in Augustus vanjaar aan die gang te kry.

## Beleggingskenner help US



Die beleggingskenner en sakeleier prof Niel Krige, gaan die Universiteit Stellenbosch se hand met fondswerwing sterk. Krige, van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB), is onlangs as Voorsitter: Ontwikkelingskantoor aangestel.

Hy gaan die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, met spesiale fondswerwingsinisiatiewe bystaan.

Krige was vir 30 jaar by die finansiële dienste-sektor betrokke, onder meer as Besturende Direkteur en daarna as Ondervoorsitter van Momentum Lewens. Hy het in 2003 by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangesluit en was vir die loodsing van die gewilde Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning verantwoordelik. Hy bied ook kursusse in Portefeuljebestuur en Internasionale Finansies by die Bestuurskool aan.

# Brokkies in beeld


Afdeling vir Urologie

In 'n baanbrekersoperasie het 'n span chirurge van die Universiteit Stellenbosch en Tygerberg-hospitaal pionierswerk gedoen deur die eerste suksesvolle penisoorplanting ter wêreld uit te voer. Die nege uur lange marathonoperasie, gelei deur prof André van der Merwe, Hoof van die US se Afdeling Urologie, is op 11 Desember 2014 gedoen.



Bonzai Photography

Lede van die Maties Para-Sport-klub het by 'n onlangse nasionale byeenkoms in Johannesburg vyf Afrika- en sewe Suid-Afrikaanse rekords verbeter. Nege Matie-atlete is ook as Suid-Afrikaanse kampioene gekroon. Hier is Ilse Hayes en Anika Pretorius in aksie op die atletiekbaan.


Liesel Koch

Die Klas van 1964 wat Werktuigkundige Ingenieurswese op Matieland studeer het, het op 27 November 2014 hul 50-jaar reünie gevier. Dit was 'n groot geleentheid vir die hegte groep kamerade wat die afgelope vyf dekades al 12 keer bymekaar gekom het. Die groep het ook R10 000 ten bate van die Ingenieurswese Dekaansfonds aan die Dekaan, prof Hansie Knoetze, (links) oorhandig. Langs hom van links is Martin Petrick, Gerard Marais, Niel Möller, Rudi Stolze, Johan Viljoen, Danie Theron, Hanko Nienaber, Jannie Mostert en Rooies Loedolff.



Adrian Baillie-Stewart

Familie en vriende van die ontslape Rektor en Visekanselier van die US, prof Russel Botman, het op Menseregtedag saam met studente en personeellede by Huis Russel Botman House byeengekom om hierdie nuwe senior koshuis op die Stellenbosch-kampus amptelik te open.


SSFD

Die Stellenbosch Libertaskoor het as 'n verrassing by die inhuldiging van Prof Wim de Villiers opgetree. Die bekroonde koor, onder leiding van prof Johan de Villiers, het 'n keur van prof Wim se gunsteling-liedjies gesing.

# ONDERSTEUN DIE US BEURSFONDS

Ons alumni en vriende is noodsaaklike rolspelers ter ondersteuning van ons missie en kan ons help om 'n verskil in onderrig te maak – die toekoms van ons land.

Die US Beursfonds is ons jaarlikse skenkingsprogram wat daarop gemik is om 'n filantropiese gemeenskap te skep wat studentesukses ondersteun.

Dít vorm deel van die US se visie van navorsing, onderrig en leer, en gemeenskapsinteraksie. Deur jou alma mater te ondersteun belê jy in die voortgesette uitnemendheid van die Universiteit as 'n leier in die veld van hoëronderwys. Die Stellenbosch-ondervinding sal nie moontlik wees deur onderrig alleen nie – baie kernprogramme maak staat op skenkings van alumni en vriende.

Indien jy 'n skenking wil maak en 'n inwoner van Suid-Afrika is, doen dit aanlyn hier.

Jy kan nog steeds 'n skenking maak, al woon jy nie binne die grense van Suid-Afrika nie.

Ek woon in die VSA

Ek woon in die Verenigde Koninkryk

Ek woon elders

# MySchool-kaart

Jy kan die Universiteit Stellenbosch ondersteun sonder dat dit jou 'n sent kos.

**Gebruik jou MySchool-kaart wanneer jy inkopies doen by enige van verskeie deelnemende kleinhandelaars landwyd en 'n persentasie van jou aankope sal aan die US geskenk word.**

## Hoe werk dit?

1. Kry 'n gratis kaart aanlyn of skakel 0860 100 445. Jy kan ook by enige Woolworths-winkel 'n kaart kry.
2. Nomineer die Universiteit Stellenbosch as jou begunstigde.
3. Gebruik jou kaart wanneer jy aankope doen by onder meer Woolworths, Engen Quickshops, Toys R Us, Waltons, Reggie's, kalahari.com en Power24.
4. Die vennoot sal 'n persentasie van jou transaksie aan jou begunstigde skenk.

Vir meer inligting besoek www.myschool.co.za of stuur 'n e-pos na cs@myschool.co.za of skakel 0860 100 445.


## Alumni Kantoor

**Murraystraat 12, Stellenbosch 7600**

+27 21 808 9266
+27 21 808 8405

Stellenbosch University Alumni (Maties) and Friends

www.facebook.com/stellenboschalumni

www.twitter.com/SU_Alumni

YouTube

alumni@sun.ac.za

www.sun.ac.za/afrikaans/alumni